durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

17 November 2019

**17 November 2019**
**Preekreeks: Onse Vader**
**Biddag Beskermingsdienste**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Arno Mattheus*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Plaaslike VGK**

Ons buurgemeente moet groot uitdagings t.o.v. armoede en werksloosheid die hoof bied en ons help hulle om dit te doen.

**24 November 2019**
**Preekreeks: Onse Vader**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens (SAAL)**<br>*Arno Mattheus* |

**Deuroffer: Kos vir Kersfees**

## NUUS:

18 Nov: Kerkraadsvergadering
19 Nov: Doopkategese
24 Nov: Sertifikaatsondag
26 Nov: Seniors Bybelstudie Afsluiting
28 Nov: Seniors Kersete (Eensgezind)
30 Nov: Betesda-mark

**2020 KALENDER BESKIKBAAR OP 1 DES 2019**




**1953 Vertaling**
Matteus 6:10-12
laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

(14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.
15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.)

**Verduideliking – Die Bybel in Praktyk**

6:10 Die woorde: "laat u koninkryk kom" verwys hier na God se geestelike heerskappy. In Jesus het die koninkryk reeds gekom. Hierdie bede vra dus dat God sy heerskappy teen alle verset van die Satan in, volkome sal laat kom. Dit was dus nie 'n versoek dat die volk van Israel van die Romeinse oorheersing bevry moes word nie. Die koninkryk is reeds deur Christus in die harte van die gelowiges aanwesig (Luk 17:21), en dit sal vervolmaak word wanneer die Bose finaal vernietig word en die Here die nuwe hemel en aarde tot stand bring.

6:10 As ons bid dat God sy wil moet laat geskied, is ons nie maar net besig om ons gelate aan die noodlot te onderwerp nie, maar bid ons dat sy volmaakte doel in die wêreld, net soos in die ewigheid wat kom, sal geskied en dat ons gewillig wil doen wat Hy wil hê. Saam met die voorafgaande bedes vra dit dus dat God self sal gee dat hy as God erken en gehoorsaam word.

6:11 As ons om "ons daaglikse brood" vra, erken ons daarmee dat God ons Voorsiener is. Dit staan reëlreg teenoor die wanopvatting dat ons in ons eie behoeftes voorsien. Ons gee ook daarmee te kenne dat ons elke dag op Hom vertrou om die dinge wat Hy weet ons nodig het, te voorsien.

6:14-15 Hierdie waarskuwing van Jesus oor vergifnis is verrassend: as ons weier om ander te vergewe, sal Hy weier om ons te vergewe. Waarom? Want as ons weier om ander te vergewe, gee ons daarmee te kenne dat ons dink dat ons nie ook, soos ander, sondaars is wat God se vergifnis nodig het nie. God se vergifnis van ons sondes is nie die direkte gevolg van die vergifnis wat ons aan ander skenk nie. Dit berus nietemin op die beginsel dat ons sal weet wat vergifnis beteken (lees Ef 4:32). Hoe vergewensgesind sou jy wees as jou eie vergifnis by God afgehang het van die mate waarin jy vergewe? Dit is maklik om Hom om vergifnis te vra, maar moeilik om ander te vergewe. Elke keer as jy God vra om jou sondes te vergewe, moet jy jouself afvra" "Het ek die mense wat my seergemaak of te na gekom het, vergewe?"

**Praktiese toepassing:**
DANKBAARHEID
"Gee ons vandag ons daaglikse brood" – wat is die brood, fisiese of geestelike, wat jou vandag in stand gehou het en waarvoor jy dankbaar is teenoor God? Wat het jy met jou oortollige brood gedoen? Met wie het jy brood gebreek of jou brood gedeel?

**KYK TERUG , TEKORTKOMINGE EN GENADE OOMBLIKKE**
"Vergewe ons ons sondes soos ons diegene vergewe wat teen ons sondig" – Hoe het jy in jou dag mense behandel? Het jy diegene vergewe en goed behandel wat jou beledig of benadeel het? Watter stappe moet jy dalk nog neem om dit wat skeef geloop het in jou dag reg te stel?

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

**Welgegund Plaasdienste: Kersdiens 8 Des 2019**

Elke jaar is daar 'n Kersafsluitingsgeleentheid by Welgegund plaas. Hierdie jaar is dit Sondagoggend, 8 Desember 2019 om 09:00. Daar word kersliedere gesing, die Sondagskool kinders tree op en daar word ook 'n Kersboodskap gebring. Daarna kuier die lidmate, kinders en besoekers almal gesellig saam.

Ons wil soos in die verlede vir die Sondagskool seuns, dogters en ook die ander kinders op die plaas bederf met 'n spesiale verrassings pakkie. U kan hierdie uitreik ondersteun deur 'n finansieële bydrae te maak en dit in te betaal by die Kerkkantoor en dit te merk "Welgegund Kersdiens" voor of op 2 Desember 2019.

As u die Kersdiens wil bywoon op 8 Desember 2019 om 09:00 is u baie welkom om dit te doen. Dit is 'n geleentheid om uit te reik na die VGK lidmate op die plaas en dit is vir almal op die plaas 'n hoogtepunt in die jaar. Vir enige verdere navrae kontak vir Peter Montgomery by 0842 996 697.



## LESOTHO GESINS TRIPPIE 12-22 DES 2019

Gesinne is welkom om met hulle eie voertuig saam te kom. Dit is die vierde keer wat ons gaan kuier in Lesotho. Ons is in 'n vennootskap met die Semonkong Children Centre (SCC) waar ons ondersteun en help tydens ons besoek.
Daar is nog plek vir twee seniorjeug tieniers om saam met ons te ry.

**Wat gaan dit kos per persoon?**

R 1000 vervoer & R 500 kos & R500 verblyf
R 500 paspoort en unabridged certificate, as jy nie het nie – nou aansoek doen.
R 500 sakgeld (hike / perdry / restaurant / warm stort)

Daar is darem ook tyd om lekker te ontspan en selfs op 'n Basotho ponie te ry. Gesinne kry kans om van die Basotho kultuur te leer op die uitstappie.

Kontak: Jaco van Vuuren 0730176662 en
jaco@memoryinstitute.co.za





Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

**ALGEMEEN:**
Die Uitreike koördineerder is met verlof vanaf 28 Nov 2019 tot 20 Januarie 2020.

## Uitreikhulp

Ons benodig ou X-traal plate vir 'n projek. Gee af by die kerkkantoor vir aandag Annamaré of Liezl.

Benodig 'n klein los staande kombuiskassie vir 'n lidmaat. Kontak asseblief vir Liezl by die kerkkantoor.

## Nog nuus ... op ons voorstoep

**M*slem Staduitreik:**

Op 12 Nov was daar 'n uitreik na ons M*slemprojek in die stad by die St Stephans kerk. Die gesprek het goed afgeloop en ons beoog om heelwat meer dinge saam met die sendelinge daar te doen.



**Die Betesda-mark vind nie plaas op Sat, 23 Nov soos aangedui op die Bergsig Kalender nie, maar wel op Sat. 30 Nov.**

**2019 NUUS:**

In hierdie jaar was daar redelik skommeling onder ons projekleiers:

In Maart is ons geliefde Marquerite Mouton oorlede. Ralie Herbst het by haar oorgeneem as die projekleier van iStar gebedsbediening. Op die oomblik is Ralie baie siek na 'n beroerte en benodig haar gesin ons gebede.

Klasie en Ida van Heerden is terug uit Thailand en woon tans in Gansbaai. Hulle gaan egter vanaf Januarie 2020 weer voort met hulle gebedsreise en bediening in Thailand.

Andre en Marina Olivier se standplaas in Thailand het verander en hulle bedien nou vanaf Hua Hin. Hulle projekspan het ook verander en Elbeth Henning is hulle nuwe projekleier. Ons gebruik hierdie geleentheid om vir Johann en Edna van Tonder en hulle span van harte te bedank vir hulle lyding en wonderlike hantering van die projek vanaf dit begin het tot nou.

Louise Kotze het klaargemaak by die sopprojek en Lydia Pieterse neem by haar oor. Hartlike dankie aan Louise en Niel vir hulle harde werk, liefde en geduld met ons straatmense.

Ons buitedienste by Fisantekraal is gestaak. Wes van der Walt help nou uit by verskeie ander Buitedienste. Aan Wes ook ons hartlike dank vir jare se toewyding en liefde aan die mense van Fisantekraal.




Bergsig het 'n gebeds-whatsapp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Indien daar iets in jou lewe, die gemeente of die samelewing gebeur waaroor ons ernstig moet bid, stuur asb die gebedsversoek ook na ds Mizelle en sy plaas dit op die groep.

Om 'n lewe te leef sonder gebed is net so onmoontlik soos om te lewe sonder om asem te haal.

## KNIELTYD

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bokkie Naudé en kinders | Vrymansfontein Plaas | Vrou en ma oorlede | Troos en bemoediging |
| Pierre de Villiers | Crownsingel 52, 083 377 7406 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Andre van Vuuren | Centurion W/s 2, 082 328 4575 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Dirk Cornelisen | Fairtrees 1, 083 415 1274 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| JC Smith | Richterstraat 8, 082 563 0408 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | Herstel en bemoediging |



Die sentrale simbool van Koninkrykstyd is dié van die kerk as 'n bootjie/skip met 'n kruis op. Dit simboliseer die kerk as draers van die kruis in die wêreld te midde van enige omstandighede.

In die Koninkrykstyd vier ons die vestiging van die heerskappy en handelinge van die Drie-enige God in elke faset van ons lewe en wêreld. Ons taak is om in hierdie tyd die wonderlike gawes wat ons ontvang het, elke dag uit te leef.

Om God se Koninkryk te vier beteken dat die kerk 'n rol speel in die tyd waarin ons nou lewe. Die kerk is die draer van die kruis in die wêreld. Ons vertrou die kerk om met die offers wat deur lidmate gegee word te woeker en werk in die Koninkryk.

Dit is wanneer die klem daarop val om:
**ons lewe, tyd, talente, vermoëns, besittings, finansies en die verkondiging van die Evangelie verantwoordelik te bestuur.**

Paulus se boodskap aan Timoteus onthou ons:
"Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid!"

Ons beweeg nou nader aan Advent wat op 1 Des begin. Ons begin in afwagting leef oor Jesus se eerste koms, maar ook die wederkoms.


Ek kan nie bid **Onse** as ek net vir myself leef nie.
Ek kan nie bid **Vader** as ek nie sy kind geword het nie.
Ek kan nie bid **Wat In Die Hemele Is** as ek nog aardsgebonde is nie.
Ek kan nie bid **Laat U Naam Geheilig Word** as ek dit ydelik gebruik nie.
Ek kan nie bid **Laat U Koninkryk Kom** as ek nie sy woord uitdra nie.
Ek kan nie bid **Laat U Wil Geskied** as ek altyd my eie sin wil hê nie.
Ek kan nie bid **My Daaglikse Brood** as ek spandabelrig lewe nie.
Ek kan nie bid **Soos Ons Ons Skuldenaars Vergewe** as ek met 'n wrok rondloop nie.
Ek kan nie bid **Lei Ons Nie In Versoeking** as ek met sonde speel nie.
Ek kan nie bid **Aan U Behoort Die Koninkryk** as ek Jesus nie dien nie.
Ek kan nie bid **En Die Krag** as daar nog vrees in my hart is nie.
Ek kan nie bid **En Die Heerlikheid** as die eie ek my lewe regeer nie.
Ek kan nie bid **Tot In Ewigheid** as ek nie Sy koms verwag nie.
Ek kan nie sê **Amen** as ek nie kinderlik glo nie.

## ONS DAAGLIKSE BROOD

*"Om te gee, maak mens gelukkiger as om te ontvang"*

**Koninkryksveldtog (Okt '19 - Febr '20)**

| | |
|---|---|
| DOELWIT | R750 000 |
| INGESAMEL | R500 599 |
| BENODIG | R249 401 |

**Kontant/ Koevert/ EFT / Debietorder / Zapper / Snapscan**

**minnelli**
BODY AND SKIN CARE

**Massages • Gelish**
**Pedicures • Manicures**
**Waxing • Tinting**
**Vitaderm Facials**

**Conveniently located at Graanendal Shopping Centre, inside Rock, Paper Scissor Salon**

**LIZA SCHOEMAN**
**021 979 4292**
**FACEBOOK @Minnelli.beauty**
**minnelli.salon@gmail.com**

# JAN KRIEL LIGGIEBOOM

## Saterdag, 23 November 2019



*Jan Kriel se kinders & Pedro Kruger*

R20 / Skoolgaande kind ~ R100 / volwassene

Kaartjies by Jan Kriel Instituut of www.quicket.co.za

Navrae: 021 903 0434 / admin@jankriel.co.za

## NEHEMIA BYBELINSTITUUT

### In assosiasie met Bybel-Media

Hierdie is 'n deeltydse Teologiese en Praktiese Geestelike kursus (vir Christene van enige kerk) wat Donderdagaande 19:00-21:00 aangebied word by die NG Kerk Bellville-Uitsig - Mountain Viewlaan (langs die besigheidsentrum).

Sewe leraars tree as gespesialiseerde dosente op.

Die kursus is akademies geakkrediteerd by die Teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria - studente wat slaag (met inhandiging van werkstukke) kry dus 'n teologiese sertifikaat van die fakulteit. Die kursus bestaan uit twee gedeeltes: 1) Leierskapontwikkeling (een en 'n half jaar) 15 boekies & 2) Bedieningsontwikkeling (een en 'n half jaar) 15 boekies word bestudeer.

Die kursus begin die week van 16 Jan op Donderdagaande 19:00 - 21:00. Koste baie billik R400 registrasie en R170 elke maand per boekie.

**Navrae: Prof Pieter Els**

**083 285 2617**

**pjels@iafrica.com**

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**

**071 529 9491**

## VIA MEMORIA GEDENKTUIN

Ons wil baie graag die Via Memoria skoonmaak t.o.v. die dooie blomme hetsy vars, gebrande/verbleikde materiaal of draadblomme. Ons beplan om dit gedurende die eerste week in Desember te doen. Elke nissie huurder kan dit self doen of die kerk gaan dit dan doen. Ook versoek ons as blomme vervang word, dat jul asseblief net die blomme in 'n asdrom vir ons sal gooi en nie net in die paadjie nie.

**MANS TGIF** 05:45
Vrydagoggende
Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

## NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.
Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld

Glowkidz het vanaf 18 Augustus 2019 met 'n skandeer stelsel vir kinders begin wat beteken dat ons elke Sondag kan sien presies watter kinders ons Glowdiens bywoon en dit help met die veiligheid van kinders.

Die sisteem is oor die afgelope 10 weke baie verfyn en ons sal in 2020 selfs meer akkurate data hê, maar ons kan reeds 'n hele paar interessante neigings sien:

318 uit 449 op die databasis was in die kerk die afgelope 10 weke (71%).

Verlede week (Sondag 2 Nov) was die grootste bywoning sedert Augustus! Dis nadat die vorige Sondag die laagste bywoning in 10 weke was (a.g.v. die rugby).


Slegs 16% kinders woon kerk gereeld by (60%+ eredienste word bygewoon). 60% woon net soms by (minder as 40% van die dienste) en 24% woon kerk "gemiddeld" by (40-60% van eredienste).


Ons gr.6'e is ons mees getroue kerkbywoners en die 4 - 5 jariges mees wisselvalliges.


Ons maak met hierdie statistiek geesins gevolgtrekkings oor die redes vir hierdie tendense nie.

Ons het ook nie intensief gaan kyk na faktore wat 'n invloed op kerkbywoning kan hê nie. Wat ons dalk wel in gedagte kan hou is dat jong kinders nie op eie stoom by die kerk kan uitkom nie en dat dit bepaald 'n verantwoordelikheid op ons as volwassenes plaas.

Kinders 4-12 jaar is op hul mees beïnvloedbare ouderdom en ons bid dat hulle iets by die kerk sal ervaar wat sal maak dat hulle vir die res van hul lewens sal tuis voel in die kerk.




**HOE MAAK EK NOU?**

Vir registrasie van leiers vir 2020:
http://bit.do/glowkidzleiers

Vir registrasie van kinders vir 2020:
http://bit.do/glowkidz

Skakel na alle glowkidz videos:
http://bit.do/glowkidzvideos




## KOEKIES VIR KERSFEES

Help ons om koekies te bak of koop maar 'n boksie as jy nie kan bak nie. Bring dit saam na dienste / kerkkantoor, nie later as 1 Des. se Kerssangdiens. Ons verpak dit op 3 Des. Enigiemand kan kom help verpak. Dit is 'n heerlike plek om mense te leer ken. Ons mik om so 1200 pakkies uit te deel aan eensames oor die feesgety. Navrae: Kerkkantoor

SCHOONGEZICHT
Kampterrein

## GEMEENTEKAMP 2020 Ceres

Skop die vakansie op 'n hoë noot af!

20 - 22 Maart 2020

Navrae: Jolene Schoeman
**083 444 3550**
**jolene@inboxme.biz**
Gewone karre kan maklik tot by kampterrein ry.
Jy hoef nie te 4x4 nie! Net die wat wil kan.



MIZELLE PRINSLOO

KONTAK

**HOU JY VAN KOS MAAK EN SAAM KUIER? KOM HELP ONS MET DIE JAFFELS BY DIE 2020 PLAASFEES!**

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810